Protea
AANBIDDINGSENTRUM
*Ons projekteer Christus*

# AGS Paarl

'n gemeente in die

BOLANDSTREEK

van die

APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA

kerk

# GEMEENTEBELEID

(Ingevolge die bepalings van artikel 2.4.1 van die konstitusie van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika)

Augustus 2019

**Ek sien 'n onmisbare gemeente! Ek sien 'n vrugteboom in 'n woestyn, 'n watergat van hoop, oorlewing en voortbestaan, 'n hulpbron vir groei, ontwikkeling en geestelike transformasie. Ek sien 'n gemeente wat toegerus is, 'n gemeente wat haar roeping in die gemeenskap verstaan en vervul. Ek sien 'n gemeente wat op alle vlakke van ons gemeenskap 'n verskil maak, wat oplossings bied. Ek sien 'n gemeente wat verstaan dat om te dien, nie is wat ons in die kerkgebou kom doen nie, maar wat ons in die kerkgebou leer en oefen om buite te doen. Ek sien 'n gemeente wat produseer en projekteer! Protea Aanbidding-Sentrum sal 'n landmerk van geestelike transformasie in Paarl wees.**

*Past. Etienne van Heerden*

## 1 NAAM

Die naam van die gemeente is: AGS Paarl, Protea Aanbidding-Sentrum, (die ***Gemeente***) en dit ressorteer onder die Bolandstreek (die ***Streek***) van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika kerk (die ***AGS van SA,*** of ***Kerk***).

## 2 ONTSTAAN

Die Gemeente glo en verklaar nederig dat:

2.1 dit sy ontstaan, voortbestaan en bestemming vanuit God het; en

2.2 dit 'n openbaring van die Kerk van Jesus Christus op aarde is en dat dit funksioneer onder Sy heerskappy as hoof, ooreenkomstig die uitsprake van die Heilige Skrif, die werking van die Heilige Gees en die bedieninge soos deur Hom ingestel; en

2.3 die lidmate van die Gemeente navolgers van Jesus Christus is en almal hulself iewers op die pad van geestelike groei bevind.

## 3 GELOOFSBELYDENIS

Die Gemeente onderskryf die geloofsbelydenis van die AGS van SA ingevolge afdeling P3 (Aanhef) tot die konstitusie van die Kerk en bely soos volg:

3.1 **ONS GLO** in die ewige, drie-enige God, die almagtige Skepper van die hemel en aarde;

3.2 **ONS GLO** in God die Vader, die outeur van die skepping en verlossing;

3.3 **ONS GLO** in Jesus Christus, die enigste Seun van God die Vader, wat ter wille van die mensdom en ons verlossing van die hemel neergedaal en vlees geword het; wat verwek is deur die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria; wat op die aarde geleef het en gekruisig is, gesterwe het en begrawe is, wat uit die dood opgestaan het en opgevaar het na die hemel waar Hy aan die regterhand van die Vader sit en vanwaar hy eendag sal terugkeer;

3.4 **ONS GLO** in die Heilige Gees, wat die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel en in die hele waarheid lei;

3.5 **ONS GLO** dat die Bybel die woord van God is, geskryf deur mense onder die inspirasie van die Heilige Gees. Ons glo dat dit gesaghebbend die wil van God verkondig en ons alles leer wat vir saligheid nodig is;

3.6 **ONS GLO** dat alle mense na die beeld van God geskape is en voor Hom gelyk is; as gevolg van hulle sondige opstand is hierdie beeld geskend. Ons glo dat alle mense voor God gesondig het maar dat dit die wil van God is dat almal saligheid sal ontvang deur geloof in Jesus Christus;

3.7 **ONS GLO** in die vervulling van die Heilige Gees, met die aanvanklike teken van spreke in tale soos aan alle gelowiges belowe is. Hierdie vind uitdrukking in die werking van die gawes en vrug van die Gees in die lewe van 'n Christen en die Gemeente. Ons glo dat 'n Christen in elke opsig 'n dissipel van Jesus Christus is en 'n toegewyde en heilige lewe behoort te lei. Hierdie moet alles in liefde geskied ooreenkomstig 1 Korintiërs 13;

3.8 **ONS GLO** dat Jesus Christus die Hoof van die Gemeente is en dat die Gemeente verantwoordelik is vir die verkondiging en demonstrasie van die evangelie volgens God se wil vir alle mense;

3.9 **ONS GLO** dat die doop van die gelowige deur onderdompeling en die Nagmaal instellings van Jesus Christus is en deur die Gemeente onderhou moet word;

3.10 **ONS GLO** dat op 'n tyd soos deur God bestem, Jesus Christus sal terugkom om Sy Kerk te kom haal om met hom te wees;

3.11 **ONS GLO** in die oordeelsdag wanneer Jesus Christus die lewende en die dode sal oordeel;

3.12 **ONS GLO** in die opstanding van die liggaam en 'n ewige lewe vir die regverdige en ewige straf vir die goddelose;

3.13 **ONS GLO** in 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar God in heerlikheid sal regeer.

## 4 VISIE

Om 'n Effektiewe[1] en Relevante[2] Pinksterkerk[3] te wees!

## 5 MISSIE

Ons sal alles wat God in ons produseer, na buite projekteer, om ander te inspireer![4]

## 6 KERNWAARHEDE VAN DIE GEMEENTE

Ons strewe in die Visie en Missie word saam met die volgende kernwaarhede uitgeleef wat dien as die Gemeente se DNS:

### 6.1 Toerusting

Deur ons Woordskool help ons mense om hulle gawes te identifiseer, hulle roeping te verstaan, en dit prakties binne en buite die gemeente uit te leef. Deur middel van relevante prediking, Sondagskool-en Jeugbediening, asook kleingroepe en opleiding, rus ons mense toe om die Woord te verstaan, prakties toe te pas, en om hulle kennis en vaardighede oor te dra aan ander.

---

[1] 'n Pinksterkerk is effektief wanneer;

- God verheerlik word,
- die Koninkryk van God verkondig word deur die prediking van die evangelie van Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees,
- die mens in sy totaliteit bedien word,
- die lede ontwikkel, toegerus en uitgestuur word,
- die invloed van die Kerk buite sy grense strek,
- die gemeenskap van die gelowiges en die netwerk van bedieninge bevorder word,
- die vestiging van geïnspireerde leierskap en bestuur binne funksionele strukture,
- die ontwikkeling en versterking van 'n Christus-gesentreerde evangelisasie karakter en rentmeesterskap,
- die lidmate bemagtig om hulle gawes en talente, sowel as hulle roeping in diens van Jesus Christus en die gemeenskap van gelowiges uit te leef,
- al die beskikbare hulpbronne kreatief gebruik word om die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder,

[2] die Kerk is relevant wanneer:

- Nou verbind, geskik en toepaslik vir die huidige tyd of omstandighede,
- Die Kerk nou verbind en toepaslik is op wat gedoen of oorweeg word,
- Geskik vir die huidige tyd, tydperk of omstandighede,
- Prikkel hedendaagse belangstelling,
- Die Kerk nou verbind is met wat in die omgewing en wêreld gebeur,
- Geskik is vir 'n spesifieke doel en roeping,
- Het 'n beduidende en aantoonbare invloed op eietydse kwessies.
- Betekenisvol,
- Toekomsgerig.

[3] Verwys na Bylaag: Apostoliese wortels (17).

[4] #ppi

6.2 **Produseer**

Van Oktober 1939 tot November 2004 (65 Jaar), was die Protea Filmteater 'n eindpunt. Films en teaterproduksies was buite geproduseer en binne geprojekteer. Op 21 November 2004 het dinge verander toe die Ou Protea Teater as 'n Kerk ingehuldig was. Die teater wat gebou was om 'n eindpunt te wees, verander God in 'n beginpunt! Nou sal ons binne produseer en na buite projekteer.

6.3 **Projekteer**

Ons raak 'n projeksie wanneer Jesus Christus sy lig deur ons skyn. Ons projekteer Christus deur 'n voorbeeld te stel van eenheid, gasvryheid en mededeelsaamheid. Ons reik uit na ons gemeenskap deur verhoudinge te bou, en mense uit te nooi na ons dienste en aktiwiteite.

6.4 **Ons Grondgebied**

Ons weet dat God hierdie grondgebied vir die gemeente voorberei en gereedgemaak het. Ons weet dat God alles laat uitwerk het soos hy dit beplan en wou gehad het (Efesiërs 1:11). Daarmee erken ons dat ons gebou en al die hulpbronne wat God tot ons beskikking gestel het, deel vorm van die roeping wat Hy vir ons as gemeente in Paarl het. Hierdie hulpbronne help ons om ons taak te verstaan, en ons taak bepaal ons strategie, besluite en identiteit!

6.5 **Rentmeesterskap**

As bestuurders van ons tyd, finansies en gawes word elke lidmaat begelei om betrokke te raak in die Gemeente deur bediening, meelewing en getroue finansiële bydraes.

6.6 **Respek**

6.7 **Leierskap**

6.8 **Deursigtigheid**

6.9 **Integriteit**

6.10 **Aanspreeklikheid**

# 7 ONS LOGO

## 7.1 Kinema (filmband)

Die woord is afkomstig van twee Griekse woorde κίνημα (kínēma, "beweging") + Antieke Griekse woord -γράφειν (-gráphein, "skryf") beteken.

Om te skryf met die beweging van beelde!

Ons is as verteenwoordiger van God, na Sy Beeld geskape (vlgs. Gen. 1:27, 1 Kor. 11:7, Efe. 4:24, Kol 3:10, Jak. 3:9).

"Lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskape is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig!" Efe. 4:24.

## 7.2 Die Protea

In die Bybel word 'n mens se tydelike lewe vergelyk met 'n blom (Psalm 103:15). Dit is asof God ons in die protea herinner dat tyd uitloop en dat ons met moed, die diversiteit van ons Gawes, talente en vermoëns moet fokus op die geestelike transformasie van ons dorp.

## 7.3 Die Kruis (Die storie van Jesus)

As jy nie die goeie dinge wat jy ontvang het, kan deel en aanwend om ander mense se lewens te verbeter nie, mis jy nie net jou eie lewensroeping en opdrag nie, jy beroof ook die wêreld daarvan om 'n beter plek te wees!

## 7.4 Die drie kleure (Groen, Rooi en Blou)

Ons beleef God op hierdie 3 maniere:

- Deur Jesus – Rooi (Verbintenis)
- Deur die Heilige Gees – Blou (Krag)
- Deur die skepping – Groen (Wysheid)

## 7.5 Die donker agtergrond (Sondige wêreld)

Die donker agtergrond is die skerm waarteen ons die storie van Jesus Christus moet projekteer!

# 8 LIDMAATSKAP

## 8.1 Verkryging van lidmaatskap

Lidmaatskap van die Gemeente word verkry wanneer belangstellendes so te kenne gee en dan die proses van lidmaatskap voltooi (***Lidmaatskap***). Hierdie proses behels:

8.1.1 Die bywoon van 'n nuwe-lidmaat oriënteringsbyeenkoms waartydens belangstellendes inligting oor die Gemeente ontvang; en

8.1.2 die invul van 'n aansoekdokument waardeur hulle te kenne gee dat hulle lidmate wil word en ook daardeur toestem dat hul inligting in die databasis van die gemeente opgeneem mag word; en

8.1.3 goedkeuring van die aansoek deur die presiderende pastoor (die ***Leierleraar***) in konsultasie met die ander pastore in diens van die Gemeente; en

8.1.4 volgens die diskresie van die Leierleraar, voorstelling aan die Gemeente soos teenwoordig tydens 'n Sondagdiens.

## 8.2 Lidmate en Kinders

8.2.1 Lidmate (***Lidmate***) sal mense wees wat:

8.2.1.1 bely dat hulle Christus aangeneem het as saligmaker; en

8.2.1.2 as "aktief" aangeteken is in die databasis van die gemeente (verwys na

8.2.1.3 §A.1 Inligtinghantering); en

8.2.1.4 die Geloofsbelydenis van die AGS van Suid-Afrika (3), hierin vervat, aanvaar en ondersteun; en

8.2.1.5 die leerstellige, liturgiese en etiese uitsprake van die AGS van SA aanvaar.

8.2.2 Lidmate kan ter enige tyd hul lidmaatskapstatus nagaan;

8.2.3 Lidmate wat as gelowiges gedoop is deur onderdompeling, sal bekend staan as "***Gedoopte Lidmate***" en hierdie status sal in die databasis van die gemeente bygehou word (verwys na die Inligtingregulasies §A.1).

### 8.3 Beëindiging van Lidmaatskap

Lidmaatskap van die Gemeente word beëindig wanneer die persoon se status in die databasis volgens die regulasies (verwys na §A.1 Inligtinghantering) verander word om aan te dui dat die persoon nie meer aktief is nie. Dit gebeur onder die volgende toestande:

8.3.1 **Afsterwe** – Die persoon sterf; of

8.3.2 **Bedanking** – Die persoon kommunikeer formeel dat die Lidmaatskap opgehef moet word; of

8.3.3 **Wegtrek** – Die persoon trek weg uit die omgewing van die Gemeente; of

8.3.4 **Verwydering** – Die persoon raak onaktief in die Gemeente en dui tydens 'n pastorale interaksie aan dat hulle nie verder betrokke wil wees nie. Indien 'n persoon 12 (twaalf) maande afwesig is, sonder enige reëlings, sal so persoon se lidmaatskap outomaties opgehef word.

Hierdie kategorie vir die beëindiging van 'n Lidmaatskap en die effektiewe datum word in die databasis bygehou en gestoor.

### 8.4 Lidmate se verantwoordelikheid

Dit sal verwag word van Lidmate om:

8.4.1 hul te onderwerp aan die leierskap van die Presiderende pastoor en/of Gemeenteleier soos bepaal in 2.4.2 van die konstitusie van die AGS van Suid-Afrika;

8.4.2 'n voorbeeldige leefstyl, in lyn met die leer van die Kerk en die visie en kernwaarhede van die Gemeente, te handhaaf;

8.4.3 betrokke te wees in groepe en bedieninge binne die gemeente (bv. selgroepe, hoflikheidsbediening, kinderkerk, ens., ens.);

8.4.4 gereeld kerkdienste by te woon en ook van tyd tot tyd vriende te nooi;

8.4.5 die Gemeente gereeld (maandeliks) finansieel te ondersteun.

## 9 REGSTATUS

Die Gemeente is 'n regspersoon (2.5 van die konstitusie) met ewigdurende regsopvolging, geregistreer as 'n goedgekeurde plaaslike gemeente van die AGS van SA deur die Nasionale Leierskapforum van die Kerk, ingevolge artikel 2.1 van die konstitusie van die Kerk; en die Gemeenteraad, soos saamgestel in terme van hierdie beleid, is die Gemeente se agent soos hierin verder bepaal. Gevolglik:

9.1 **is die Gemeente 'n onafhanklike regspersoon, afsonderlik van die Kerk en/of sy lidmate, en/of die lidmate van die Gemeente en is dit, onderhewig aan die regulasies van die Kerk en as onafhanklike regspersoon:**

9.1.1 geregtig om vaste eiendom, bates en fondse te besit, onderskei van die Kerk, of sy lidmate, of die lidmate van die Gemeente;

9.1.2 geregtig om regte, verpligtinge, voorregte, magte en verantwoordelikhede op te neem, onderskei van die Kerk, of sy lidmate, of die lidmate van die Gemeente;

9.1.3 geregtig om regsaksies in sy eie naam in te stel en/of te verdedig;

9.1.4 geregtig om regshandelinge van watter aard ook al in sy eie naam te verrig;

9.1.5 geregtig om eiendom te verkry, te vervreem en/of te beswaar en op enige wyse daarmee te handel;

9.1.6 geregtig om persone in diens te neem, welke indiensneming ondermeer insluit die beroep van 'n leraar, of aanstelling van enige ander bedienaar of personeel, soos bedoel in die konstitusie van die Kerk; en

9.2 **verklaar die Gemeente dat:**

9.2.1 die konstitusie en regulasies van die Kerk die konstitusie en regulasies van die Gemeente is; en

9.2.2 die Gemeenteraad as agent van die Gemeente die bevoegdheid het om, onderhewig aan 9.2.3, enige regshandeling te verrig wat nodig mag wees:

9.2.2.1 om die roeping van die Kerk in die algemeen uit te leef;

9.2.2.2 om die besigheid en sake van die Gemeente te bedryf;

9.2.2.3 om die magte soos deur die konstitusie van die Kerk en ook soos deur die Gemeente daargestel te beoefen; en

9.2.2.4 om die bedrywighede van die Gemeente te beheer namens die Gemeente; en

9.2.3 die Gemeenteraad het nie die reg om (a) hierdie gemeentebeleid te verander nie, (b) die Gemeente te ontbind nie, (c) bates van die Gemeente te vervreem buite die delegasiemagtinging hierin vervat nie, of (d) om die Gemeente onder 'n finansiële las te bring wat meer as die totale bates van die Gemeente is nie.

9.2.4 die Gemeenteraad moet die inkomste, uitgawes, bates en laste van die Gemeente ontvang, administreer en rekenskap daaroor gee ingevolge die bepalings van die Kerk se Nasionale Finansiële Beleid wat deel vorm van die regulasies tot die konstitusie van die Kerk; en die Gemeenteraad is geregtig om substrukture en delegasies daar te stel wat namens en onder toesig van die Gemeenteraad hierdie taak help verrig.

## 10 BEHEERLIGGAME VAN DIE GEMEENTE

### 10.1 Die Gemeentevergadering

10.1.1 Die "Gemeentevergadering" is die hoogste gesag in die Gemeente en alle aspekte van die Gemeente kan op 'n Gemeentevergadering geopper word en finale besluite kan geneem word binne die breë raamwerk van die konstitusie van die Kerk.

10.1.2 Die Gemeentevergadering sal elke jaar, gehou word op 'n plek en tyd soos deur die Gemeenteraad van die Gemeente bepaal. Die datum van die normaal geskeduleerde vergaderings (jaarliks) sal ten minste 3 (drie) maande voor die vergadering geskeduleer wees op die kerkkalender en beskikbaar op aanvraag.

10.1.3 In aanloop tot die vergadering, sal daar op 3 (drie) opeenvolgende Sondae voor die vergadering, skriftelik via elektroniese media en ook vanaf die kansel, kennis gegee word van die vergadering.

10.1.4 Die Gemeentevergadering sal bestaan uit alle geregistreerde Lidmate (vlgs. 8) van die Gemeente, maar kinders onder 18 (agtien) is nie nominasie-of stemgeregtig nie, en hulle getalle moet buite rekening gelaat word wanneer presentasie stemme bereken word.

10.1.5 Die kworum by die Gemeentevergadering, sal bestaan uit die Lidmate (soos aangeteken in die databasis van die Gemeente op die datum van die Gemeentevergadering), wat teenwoordig is.

10.1.6 Indien enige sake voor die Gemeentevergadering lei tot 'n mosie wat via 'n formele stemming besluit moet word, sal net geregistreerde Lidmate stemreg hê en word vereis dat 'n kworum (vlgs. 10.1.5) teenwoordig sal wees.

10.1.7 Die Gemeentevergadering sal verslag ontvang van die geestelike en finansiële welstand van die Gemeente en besluite neem oor enige sake wat nie deur die Gemeenteraad afgehandel kan word nie. Algemene sake vir die sakelys moet ten minste 14 (veertien) dae voor die vergadering by die Gemeentesekretaris ingehandig word vir insluiting in die Sakelys. Sake wat substansiële en langwerkende gevolge vir die Gemeente mag hê, moet hanteer word soos vir veranderings aan hierdie beleid, sien 14.1.

10.1.8 Die Gemeentevergadering sal ondermeer oor die volgende besluit:

10.1.8.1 wysigings tot die gemeentebeleid soos nodig;

10.1.8.2 enige vervreemding van die geboue of ander vaste eiendom wat aan die Gemeente behoort. Sulke besluite moet bekragtig word deur 'n meerderheid besluit by 'n Gemeentevergadering;

10.1.8.3 die Gemeentevergadering stel die Gemeenteraad aan en bevestig daardie aanstelling 4 (vier) jaarliks;

10.1.8.4 betaking van die Gemeenteraad rakende sake soos geïdentifiseer deur die Gemeentevergadering.

10.2 **Die Gemeenteraad**

10.2.1 Die Gemeente stel tydens 'n Gemeentevergadering 'n "***Gemeenteraad***" aan as agent van die Gemeente. Die aanstelling van die Gemeenteraad word 4 (vier) jaarliks tydens 'n Gemeentevergadering bevestig. Daar mag nie meer as 50 (vyftig) maande tussen sulke bevestigings verloop nie. Indien dit wel sou gebeur, moet 'n spesiale Gemeentevergadering die Gemeenteraad heraanstel.

10.2.2 Die Gemeenteraad is die agent van die Gemeente en is die hoogste gesag rakende die geestelike oorsig van die Gemeente, die bestuur van die Gemeente en die hantering van die personeel van die Gemeente. Van die funksies van die Gemeenteraad word gedelegeer na die Leierleraar, sub-komitees en ander strukture soos hierin beskryf.

10.2.3 Die kwalifikasie van Lidmate vir diens in die Gemeenteraad is as volg:

10.2.3.1 lojale lede van die Gemeente wat die visie, missie en kernwaarhede van die Gemeente soos hierbo uiteengesit (vlgs. 4, 5, 6) ondersteun;

10.2.3.2 beskik oor die nodige leierseienskappe en bestuursvaardighede en bereid wees om hul te onderwerp aan die voortgesette ontwikkeling van hierdie vaardighede;

10.2.3.3 gedoop (vlgs. 3.9) en mense met die vermoë om geestelik te onderskei;

10.2.3.4 gedoop wees met die Heilige Gees, en wie se lewe daarvan getuig (vlgs. Galasiërs 5:22-23, 1 Korintiërs 12);

10.2.3.5 kwalifiseer in terme van die basiese Bybelse beginsels soos beskryf in
1 Timoteus 3:1-7 en Titus 1:5-9;

10.2.3.6 finansieel betrokke by die Gemeente; en

10.2.3.7 gereelde kerkbywoners.

10.2.4 Die Gemeenteraad word 4 (vier) jaarliks hersaamgestel deur 'n proses van nominasie vanuit die Gemeente. Die proses is soos volg:

10.2.4.1 Portefeuljes en sleutelprestasiearea van die Gemeenteraad word duidelik gedefinieer en uiteengesit;

10.2.4.2 skriftelike nominasies word tydens 3 (drie) opeenvolgende Sondae vanaf die kansel en via elektroniese media aangevra;

10.2.4.3 die Sekretaris van die Gemeente kontak al die genomineerde lede om te hoor of hulle beskikbaar is om op die Gemeenteraad te dien of nie;

10.2.4.4 die pastoor en minstens een afgevaardigde van die bestaande Gemeenteraad skeduleer onderhoude met elke beskikbare kandidaat en fokus op die volgende vrae inaggenome die kwalifikasies (vlgs. 10.2.3):

- *Beskryf jou roeping, gawes, talente en passies.*
- *Tot watter mate sal jy 'n bydrae kan lewer tot die vervulling van die Visie en Missie van die Gemeente?*

10.2.4.5 terugvoering van die onderhoude word by wyse van 'n kort opsomming van elke kandidaat aan die bestaande Gemeenteraad voorgelê vir bespreking;

10.2.4.6 die bestaande Gemeenteraad besin dan oor die genomineerde name en neem kennis van die huidige raadslede wat die geleentheid wil gebruik om terug te staan. Die nuwe raad word saamgestel deur die huidige raad;

10.2.4.7 die nuwe raad verkies dan die 4 (vier) ampsdraers van die Gemeente. Hierdie raadslede sal tekenmagte namens die Gemeente hê en sluit die Leierleraar (vlgs. 10.2.4.5), die Vise-voorsitter, die Gemeentesekretaris, die Gemeentetesourier in (die ***Ampsdraers***);

10.2.4.8 die nuwe raad word aan 'n Gemeentevergadering voorgelê vir bevestiging voordat hulle diens formeel begin.

10.2.4.9 die presiderende pastoor of gemeenteleier soos aangestel ingevolge 2.1.2 van die AGS van Suid-Afrika se konstitusie, sal die leier en visiedraer van die gemeente wees.

10.2.5 Die grote van die raad sal nie meer as 10 (tien) en nie minder as 7 (sewe) lede wees nie. Indien die ledetal tydens die 4 (vier) jaar termyn tot onder 7 (sewe) daal, sal die bestaande Gemeenteraad 'n spesiale proses van ko-optering volg, waar twee derdes van die Gemeenteraad saamstem oor die nuwe aanstelling.

10.2.6 Gemeenteraadvergaderings word maandeliks gehou en handel met visie, strategie, beleid en korporatiewe bestuur; ondermeer gebaseer op verslae vanuit die substrukture van die Gemeenteraad en ander dele van die Gemeente.

10.2.7 'n Kworum vir die Gemeenteraad is groter of gelyk aan twee derdes van die aantal Gemeenteraadslede soos op die datum van die vergadering.

10.2.8 Die Gemeenteraad kan ad hoc persone uitnooi om Gemeenteraadvergaderings by te woon as waarnemers.

10.2.9 Besluitneming tydens Gemeenteraadvergaderings vind op 'n konsensusbasis plaas. Indien konsensus nie bereik kan word nie, word daar gestem en 'n twee derde meerderheidstem sal geld.

10.3 **Dagbestuur**

10.3.1 Die Dagbestuur bestaan uit die 4 (vier) Ampsdraers van die Gemeenteraad (vlgs. 10.2.4.3) en hanteer die bestuur en finansies van die Gemeente (die ***Dagbestuur***).

10.3.2 'n Minimum kworum vir die Dagbestuur is 3 (drie) uit die 4 (vier) persone.

10.3.3 Die Dagbestuur het gedelegeerde gesag (verwys na §A.3 Finansiële- en Batebestuur; Delegasies) wat deur die Gemeenteraad oorsien word en van tyd tot tyd deur die Gemeenteraad aangepas word.

10.3.4 Die Dagbestuur kom normaalweg maandeliks bymekaar, maar spesiale vergaderings is ook moontlik soos nodig.

10.3.5 Besluitneming vind op 'n konsensusbasis plaas. Indien konsensus nie bereik kan word nie, sal daar gestem word en die meerderheidstem (wat nooit minder as 3 (drie) lede mag wees nie) sal geld.

10.3.6 Bywoning en alle besluite van Dagbestuurvergaderings word genotuleer en die notules word versprei en bekragtig tydens die volgende Gemeenteraad- vergadering. Die notules vorm deel van die formele rekord van die Gemeenteraad en word ook jaarliks saam met die finansiële boeke geoudit.

10.3.7 Tussen vergaderings mag die Dagbestuur sake vinnig afhandel deur 'n rondomtalie proses te volg waar die volgende sal geld:

10.3.7.1 ten minste 3 (drie) uit die 4 (vier) lede moet deelneem en saamstem;

10.3.7.2 die saak moet duidelik genoeg gestel wees dat individuele besluite geneem kan word sonder bespreking; en

10.3.7.3 rondomtaliebesluite sal op die volgende Gemeenteraadvergadering bekragtig en genotuleer word.

10.4 **Personeelkomitee**

10.4.1 Die Dagbestuur (vlgs. 10.3) sal die dag tot dag personeelaangeleenthede hanteer. Dit sluit in, verlof, griewe, taakomskrywings en kortlyste vir nuwe aanstellings.

10.4.2 Die Dagbestuur kom ad hoc bymekaar, om taakomskrywings, sleutel prestasieareas, griewe, werksure en ander dag tot dag verpligtinge te bespreek.

10.4.3 Die Leierleraar hanteer alle operasionele personeelaangeleenthede van die personeel wat deur die Dagbestuur aangestel is, volgens onder andere, die regulasies soos verwys in §A.2 (Personeelaangeleenthede).

10.5 **Hulpfondsbestuur**

10.5.1 Die hulpfonds moet uiters vertroulik hanteer word om mense se waardigheid te beskerm. As sulks kan besluite nie oop tydens Gemeenteraadvergaderings hanteer word nie. Gevolglik wys die Gemeenteraad, op aanbeveling van die Leierleraar, elke 4 (vier) jaar 4 (vier) Lidmate vanuit die Gemeente aan wat volle verantwoordelikheid neem vir die aanwending en bestuur van die hulpfonds soos uiteengesit in die regulasies in §A.3 (Finansiële- en Batebestuur; Delegasies).

10.5.2 Die hulpfondsbestuur word soos volg saamgestel: 'n leraar van die Gemeente, die Gemeentetesourier, 'n administrasie-beampte en 'n addisionele lid met maatskaplike / herderlike agtergrond (die ***Hulpfondsbestuur***).

10.6 **Ander rade met finansiële magtiging**

10.6.1 Die volgende rade word deur die Gemeenteraad aangestel en word gemagtig om hulle eie finansies in te samel en hulle eie sake te bestuur in lyn met die Visie en Kernwaarhede van die Gemeente, onder oorhoofse toesig van die Leierleraar en met rapportering na die Gemeenteraad:

10.6.1.1 die Vrouebedienning;

10.6.1.2 die Jeugbedienning;

10.6.1.3 die Kinderkerk;

10.6.2 Die rade word gemagtig om hul eie lede te identifiseer en aan te stel volgens kriteria wat sin maak vir hulle bedieninge. Ampsdraers (voorsitter, sekretaris, tesourier) van die rade moet as minimum aan die vereistes soos vir 'n Gemeenteraadslid voldoen (sien 10.2.3). Aanstelling van ampsdraers moet aan die Gemeenteraad voorgelê word vir goedkeuring.

10.6.3 Alle formele vergaderings moet genotuleer word en alle uitgawes sal volg vanuit besluite in notules.

10.6.4 Finansiële rekords en bestuur moet voldoen aan die vereistes van die Kerk se Nasionale Finansiële Beleid wat deel vorm van die regulasies tot die konstitusie van die Kerk en moet jaarliks saam met die Gemeenteraad se boeke geoudit word.

10.6.5 Rade moet jaarliks hul finansiële status en bedieningsplanne aan die Gemeenteraad voorlê vir insae en konsultasie.

## 11 FINANSIES

11.1 Die Gemeente se finansies word deur die Dagbestuur bestuur tot die perke wat deur die Gemeenteraad gedelegeer is in §A.3 (Finansiële- en Batebestuur; Delegasies). Die bestuur van die finansies word deur die Gemeenteraad oorsien.

11.2 Finansiële administrasie van die Gemeente geskied ooreenkomstig die konstitusie van die AGS van SA, Aanhangsel 10 (September 2014) en volgens die regulasies soos gegee in §A.3 (Finansiële- en Batebestuur; Delegasies).

11.3 Die Gemeente is verantwoordelik vir statutêre finansiële verpligtinge aan die Streek en aan die hoofkantoor van die Kerk.

11.4 Die boeke van die Gemeente word jaarliks geoudit deur nasieners wat deur die hooftesourier van die AGS van SA se kantoor goedgekeur is.

11.5 **Kleinkas**

11.5.1 Die Leierleraar sal, vir goedkeuring deur die Gemeenteraad, een persoon uit die personeel wat in die kerkkantoor werk voorstel om 'n kleinkas te bestuur volgens die regulasies vermeld in §A.3 (Finansiële- en Batebestuur; Delegasies) (die ***Kleinkasbestuurder***).

11.5.2 Hierdie kleinkas sal maandeliks 'n bedrag ontvang en sal klein uitgawes soos toegelaat in die regulasies, sonder verdere goedkeuring, uit die kleinkas befonds en boekstaaf vir ouditdoeleindes.

## 12 HANTERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

12.1 Die kerkkantoor versamel, verwerk en gebruik inligting van lidmate volgens die regulasies gelys in §A.1 (Inligtinghantering).

12.2 Inligting word van lidmate verkry deur middel van lidmaatskapvorms en vanuit persoonlike kontak deur gemagtigde persone verbonde aan die kerkkantoor. Dit word dan bygehou in 'n databasis wat net toeganklik is vir persone wat daartoe gemagtig is via 'n wagwoord vir aantekening tot die Kerk se rekenaarbedienaar.

12.3 Die inligting word benodig vir effektiewe bediening in die Gemeente en sluit per persoon ondermeer kontak-, identifikasie- en kerklike statusinligting in.

12.4 Inligting in die databasis word tans vir altyd behou aangesien dit 'n rekord van die Gemeente se lidmate deur die jare is. Persone wat wegtrek, bedank, afsterf of verwyder word vanweë 'n lang tyd van onbetrokkenheid (8.3), word as sulks aangetoon in die databasis en word dan nie verder as aktiewe lidmate geag nie en ontvang ook geen verdere kommunikasie van die Gemeente nie.

12.5 Die databasis word gebruik om elektroniese kommunikasie na die Gemeente of groepe in die Gemeente te stuur. Persone het die reg om te versoek dat hulle nie sulke kommunikasie wil ontvang nie en dit word dan so op die databasis geïmplementeer.

## 13 DISSIPLINE EN GRIEWEPROSEDURE

13.1 Dissipline- en grieweprosedure in die Gemeente is in ooreenstemming met die amptelike standpunt van die AGS van Suid-Afrika (Bylaag 11.1 van die konstitusie). Alle verskille tussen Lidmate onderling, of tussen Lidmate en die Gemeenteraad, word volgens Matteus 18:15-17 hanteer.

13.2 Personeelgriewe word hanteer soos uiteengesit in verwysing §A.2 (Personeelaangeleenthede) onder "Dissipline & Grieweprosedure".

13.3 Indien griewe nie opgelos kan word nie, sal die Leierleraar en/of sy sekundus, asook 'n ouderling soos deur die Gemeenteraad aangewys, ondersoek na die situasie instel. As die situasie nie bevredigend opgelos kan word nie, word dit na die Personeelkomitee verwys en vandaar na 'n vol sitting van die Gemeenteraad.

13.4 Indien die verskil in 'n dispuut oorgaan, word dit deur middel van mediasie opgelos. Indien daar geen konflik van belange is nie, tree die Leierleraar as mediator op. Indien daar konflik van belange is, of as mediasie misluk, word dit na die Streekbestuur verwys.

13.5 Die volgende maatreëls kan oorweeg word indien wangedrag bewys kan word:

13.5.1 enige kombinasie van die volgende:

13.5.1.1 'n waarskuwing en vermaning na belydenis en restitusie;

13.5.1.2 sensuur – die persoon kan aanbly in 'n amp, of daar kan besluit word dat hy/sy, sy/haar amp moet aflê;

13.5.1.3 ekskommunikasie; of

13.5.2 enige ander besluit deur die Gemeenteraad of Netwerkbestuur.

## 14 ALGEMENE BEPALINGS

### 14.1 Wysigings van die Gemeentebeleid

Om hierdie beleid op enige manier te wysig, moet 'n geskrewe kennisgewing voorgelê word aan die Sekretaris van die Gemeenteraad, ten minste sestig (60) dae voor die volgende Gemeentevergadering. In sodanige kennisgewing moet volledige besonderhede van die voorgestelde wysigings, insluitende 'n motivering daarvoor, verstrek word. Hierna sal kennisgewing ten minste 3 (drie) opeenvolgende Sondae voor die Gemeentevergadering gesirkuleer word en 'n twee derde meerderheid stem van die teenwoordige lede by die

Gemeentevergadering sal besluit of die beleid so gewysig sal word al dan nie.

14.2 **Vrywaring teen ongemagtigde optrede**

Onder geen omstandighede sal die Gemeente of enige ander regspersoon soos bepaal in hierdie beleid, verantwoordelikheid aanvaar vir die aankope of enige ander finansiële- of regsaanspreeklikheid deur enige persoon of liggaam aangegaan, wat nie behoorlik daartoe gemagtig is deur die betrokke liggaam of regspersoon ingevolge die bepalings van hierdie beleid nie.

14.3 **Vrywaring van lede**

Elke lid van enige statutêre liggaam of regspersoon, soos beskryf in hierdie beleid, sal deur die Gemeente gevrywaar wees van verliese, uitgawes of skulde deur hom/haar aangegaan in die uitvoering van sy/haar pligte in diens van die Gemeente, met dien verstande dat sodanige verliese, uitgawes of skulde aangegaan, nie as gevolg van sy/haar eie oneerlikheid, korrupsie, opsetlikheid, versuim, of ignorering van delegasiemagtigings veroorsaak is nie.

14.4 **Vrywaring teen Optrede van Ander**

Geen lid van enige statutêre liggaam of regspersoon, soos beskryf in hierdie beleid, sal aanspreeklik wees vir die optrede, versuim, of onbetaalde skulde van enige ander lid van die betrokke statutêre liggaam of regspersoon, of vir enige verlies wat die Gemeente op enige wyse mag ly nie, tensy sodanige optrede, versuim, onbetaalde skulde of verlies veroorsaak is as gevolg van sy/haar eie oneerlikheid, korrupsie, opsetlikheid, versuim, of ignorering van delegasiemagtigings.

14.5 **Toegang tot die Gemeente se eiendom voorbehou**

Toegang tot die eiendom van die Gemeente word voorbehou en enige ongemagtigde persone kan toegang geweier word en verwyder word.

## 15 GOEDKEURING VAN DIE GEMEENTEBELEID

Goedkeuring word gegee ingevolge die bepalings van artikel 2.4.1 van die konstitusie van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika en:

15.1 **hiermee word bevestig dat hierdie beleid goedgekeur is deur 'n twee-derde meerderheid van die lidmate teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Gemeente gehou**

Op: 4 Augustus 2019 Te: Paarl

VOORSITTER

GEMEENTESEKRETARIS

Datum: 4/08/2019

Datum: 4/8/2019

15.2 **hiermee word verder bevestig dat hierdie beleid in ooreenstemming is met die bepalings van die konstitusie van die AGS van SA, en as sulks goedgekeur is deur die Boland Streek Leierskapforum tydens 'n vergadering gehou**

Op: 4|08|2019 Te: PAARL

STREEKVOORSITTER

DE KOKER DH

STREEKSEKRETARIS

Datum: 12.10.2019

Datum: 12.10.2019

## 17 Apostoliese Wortels

***"'n Visioenêre Kerk sal nooit sy oorsprong verloor nie. Wortels is belangrik."***

Die Apostoliese Geloofsending moet nooit sy oorsprong vergeet nie. As deel van die Pinksterbeweging moet ons gedurig herinner word dat Pinkster 'n herstel van die Kerk in die Apostoliese tye is (→ 100 n.C.). Dit is die Nuwe Testamentiese Kerk, die Kerk in die begin, waar byna die hele Pinksterbeweging in die begin van die 20ste eeu die "Apostoliese Geloofsending" genoem was. Ons denominasie is omtrent die enigste wat die oorspronklike naam behou het. En hierdie naam verbind ons onomwonde aan die Kerk in Bybeltye. Is ons die naam waardig?

'n Ware "Apostoliese kerk" soos die Kerk "aan die begin", is 'n Kerk waar die kenmerkende leerstellings, godsdienstige ervarings en basiese gebruike sal ooreenstem met die patrone van die vroeë Kerk en "die geloof wat eenmaal aan die heiliges gegee is" (Judas 1:3).

### Wat is sommige van die belangrikste eienskappe?

*(Met erkenning aan David A. Womack, "The Wellsprings of the Pentecostal Movement"):*

1 – Jy sal dit vind in die manier waarop daar na die Skrif gekyk word. Hulle sal glo dat die Ou Testament die weg voorberei vir die koms van die Messias en hulle sal die Ou Testament interpreteer in die lig van die leerstellings van die Apostels. Hulle sal in die Nuwe Testament glo as die enigste geldige bron van Christelike leer, godsdienstige ervaring en praktykbeginsels. Hulle sal die Skrif in 'n letterlike sin interpreteer waar die konteks nie natuurlik figuurlik of poëties is nie, want die Bybel is in wese 'n praktiese boek – die Goddelike geïnspireerde Woord van God vir die mens.

2 – 'n "Apostoliese kerk" sal elke leerstelling deur die apostels glo en sal enige godsdienstige leerstelling wat nie in die Nuwe Testament ingesluit is nie, verwerp. Daar kan vandag nie 'n belangrike leerstelling wees wat nie ook vir die Christene van die eerste eeu belangrik was nie.

3 – 'n "Apostoliese kerk" sal sy lidmate onderrig en aktief poog om die godsdienstige

ervarings van die eerste-eeuse Kerk te bewaar. Eerstens, verlossing as 'n spesifieke ervaring waarin 'n mens oortuig word van sonde, die sonde aan God bely, aanvaar dat Jesus Christus die Seun van God is, gereinig word deur die versoenende bloed van Jesus en 'n heilige lewe begin leef voor God. Tweedens sal daaglikse gebed en meditasie op die Woord van God aan die orde van die dag wees. Gelowiges sal gedoop word in water en sal gereeld aan die nagmaal deelneem. Alle gelowiges sal aktief poog om die doop met die Heilige Gees te ontvang en daardeur die bediening van Jesus Christus op aarde voort te sit.

4 – 'n "Apostoliese kerk" sal gekenmerk word deur die voortgesette manifestasie van die vrug, sowel as die gawes van die Gees.

5 – So ŉ Kerk sal intens missionaal wees – in konsep en aksie.

6 – Die priesterskap van alle gelowiges sal 'n daaglikse werklikheid wees, aangesien elkeen sal besef dat hy/sy 'n bediening in die liggaam van Christus het.

7 – 'n "Apostoliese kerk" oorskry rasse-, kulturele en taalverskille. Hierdie kenmerk was duidelik sigbaar op Pinksterdag, in Azusa Straat sowel as met die begin van die AGS in Doornfontein in 1908. Dankie Here, in April 1996 het hierdie kenmerk weer duidelik geword met ons eenwording!

8 – Die Wederkoms van ons Here Jesus Christus was 'n brandende realiteit in die vroeë Kerk. Dit was dieselfde met die begin van die moderne Pinkster-beweging. Dit was die tema van baie liedjies en preke. Daar was 'n drang na ŉ heilige lewe. Ons moet onthou dat Pinkster-mense, mense is vir wie die Wederkoms 'n daaglikse werklikheid is.

God help ons om die naam "Apostoliese Geloofsending" waardig te wees!